

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Ek slaan my oë op...” En wat sien jy?

Skriflesing: Psalm 121

Lied 280

Here, Redder, groot en magtig,
U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade
het U ook ons hand kom vat.
Heer, u leiding bring bevryding
U het ook my hand kom vat.
U het ook my hand kom vat.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Broodjies vir die pad

Lord of all, we come to worship seeking your presence.
We come to worship seeking your peace.
Life gets busy, life gets loud.
Like Elijah in the cave up the mountain,
we often feel battered by strong winds.
We often feel broken and shaken.
We often feel bruised and burned.
Come, living God.
Still small voice, speak to us.
Like Elijah we look for somewhere to run and hide.
We confess to you that we retreat from the truth,
we hide from the needs of others
when the demands of the world overwhelm us.
We confess to you that we easily jump to blame others
instead of facing our own failures.
Come, living God.
Still small voice, speak to us.
Speak to us, like you did to Elijah;
call us out of our cave, out of our comfort zone,
into the world, into risk and adventure.

Go with us, God of the wind, the earthquake and the fire.
Stay with us, God of the silence.
Come, living God.
Still small voice, speak to us. Amen.

Silvia Purdie (Christchurch, New Zealand)



#FeesMustFall is net die oortjies van die seekoei

Theuns Eloff

Die hele land hou die afgelope maande die drama van studente-opstande dop. Nie sedert die 1976-Soweto-opstande is sulke wydverspreide tonele in Suid-Afrika gesien nie. Dis veral historiese wit universiteite en hul bestuur wat nie die verskynsel van voortdurende en voortslepende studente-onrus en geweld ken nie. Die skade aan eiendom beloop al na raming amper R1 miljard.

Wat is die oorsake vir hierdie verskynsels? En wat dryf die nuwe jeugbeweging?

Daar het die afgelope klompie jare 'n nuwe siening onder veral die swart jeug ontstaan – een van wydverspreide ontevredenheid met hul daaglikse belewenis 22 jaar nadat die “nuwe Suid-Afrika” ontstaan het. Hulle praat van hul “geleefde werklikheid” in 'n Suid-Afrika wat hulle steeds kultureel en ekonomies uitsluit. En dis vir hulle veral sigbaar op universiteit, waar hulle saam met wit studente studeer wat ekonomies soveel beter as hulle daaraan toe is. Hulle hou die maghebbers (die universiteite en die staat) verantwoordelik vir hierdie uitsluiting, en kritiseer die hele post-1994-orde. Hulle praat van “post-apartheid-apartheid”.

Suid-Afrika steeds deur witheid oorheers

Dit is insiggewend dat die leierskap van die beweging uit middelklas en soms bevoorregte huise kom. Dit hoef ons nie te verbaas nie, aangesien die verskynsel van “stygende verwagtinge” – my lewensomstandighede het verbeter, maar nou wil ek nog meer hê – veral onder die middelklas voorkom. Hierdie jong mense sien die Suid-Afrikaanse werklikheid deur die oë van hul ouers tydens apartheid. En hul belewenis is dat niks verander het nie.

Volgens hul belewenis word Suid-Afrika steeds deur witheid en wit bevoorregting beheer. Die (swart) regering is slegs in 'n gesagsposisie, maar nie in beheer nie. Selfs die mense in blou (die polisie) tree teen hulle op om nie die “wit” orde te versteur nie.

En hieruit volg 'n sterk anti-wit-sentiment. 'n Mens kan amper van 'n “f . . . wit”-kultuur praat, soos wat graffiti en T-hempwoorde lui. En dit word nie as rassisme beskou nie, maar hoogstens as (geregverdigde) vooroordeel.

Steve Biko en Frantz Fanon

Die filosofiese wortels van hierdie beweging kom uit verskeie oorde. Steve Biko se swart bewussyn het 'n rol gespeel. Maar die Franse dokter-joernalis-filosof Frantz Fanon het 'n sterker rol gespeel. Die anti-wit- en dekolonialiseringsstemas kom uit sy werk in die laat 50s toe Algerië onafhanklikheid van Frankryk gekry het. “Dekoloniasering” word baie in die geleedere van die nuwe jeugbeweging gehoor, en dit behels dat in die samelewing (en ook die universiteite) alles wat (nog) koloniaal (lees: wit en Westers) is, moet verdwyn. Dit sluit simbole, standbeelde, boeke en die kurrikulum in.

Die nuwe swart jeugbeweging wil die geleentheid gegun word om, sonder die inmenging en teenwoordigheid van wit mense, oor hul benadeling en geleefde werklikheid te praat. Dit word “veilige ruimtes” genoem, en mag net deur dié wat dieselfde rassebeleving het, binnegegaan word. Daarom word rektore beveel om te “sit as jy met ons praat” en word wit studente die geleentheid geweier om in debat te tree.

’n Ander tema wat prominent is, is dié van “okkupasie”. Die swart benadeeldes moet die wit ruimtes van universiteitskampusse en senaatsvergaderings (Wits) oorneem en in besit neem. Verlede Vrydag het een van die leiers van #FeesMustFall by Wits, Mcebo Dlamini, verklaar dat hulle nie meer vir Adam Habib as rektor erken nie en hy het homself tot tussentydse rektor verklaar. Iets soortgelyks het ook vroeër op die Vaaldriehoekskampus van die NWU gebeur.

Dan is daar die byna religieuse ywer waarmee die nuwe jeugbeweging verwag (nee, eis) dat alle ander studente en dosente moet ophou studeer en werk en hulle in hul stryd vir ’n beter samelewing steun. Dit word gesien in die sluiting van kampusse deur studente (soos by die Universiteit van Kaapstad) en die intimidasie van die meerderheid studente en personeel wat durf waag om met hul studies en werk voort te gaan.

Geweld deel van die filosofie

Fanon word ook gebruik om die gebruik van geweld te regverdig. Geweld is ’n noodsaaklike element van protes om “vrees by die status quo” in te boesem. Natuurlik regverdig die studente hul geweld ook deur te sê dat die owerhede en polisie hulle daartoe gedryf het, maar geweld as ’n beginselopsie is reeds deel van die filosofie. Soos ons gesien het, word vuur ook baie prominent in die gewelddoptrede gebruik.

Op grond van hierdie filosofiese standpunte het die EFF op baie kampusse (veral waar hy die studenteraad beheer) begin om die situasie partypolities uit te buit. Ernstige verskille tussen ander studente-organisasies soos Sasco en die ANC-jeugliga dra verder tot onstabiele by. Maar ek sien, anders as sommige politici, nie ’n onheilspellende “derde mag” in die nuwe jeugbeweging nie.

Kritiek op die nuwe jeugbeweging is nie moeilik nie. In ’n grondwetlike demokrasie is die gebruik van geweld heeltemal onaanvaarbaar. Hier is ook ’n vervanging van die Grondwet (en die ANC) se nie-rassigheid, wat gevaarlike en polariserende gevolge kan hê. En die jeugbeweging sluit gesprek, debat en kompromie (ten minste in hierdie stadium) heeltemal uit. Hulle eis volkome oorgawe en omverwerping van die huidige orde. Hulle is in geheel teen “rainbowism”.

Omverwerping van die nuwe Suid-Afrika

Dis vir die breë spektrum van die Suid-Afrikaanse leierskap belangrik om hierdie verskynsel te verstaan, anders sal dit nie korrek gekonfronteer en bestuur word nie. Klasgelde en gratis hoër onderwys is slegs die oortjies van die seekoei. Die uiteindelige doel is die omverwerping van die nuwe Suid-Afrika, nie-rassigheid en die Grondwet. Daarom sal daar nooit aan die werklike eise voldoen kan word nie – die doelpale sal in elk geval voortdurend geskuif word. Op mediumtermyn sal universiteitsbesture en -rade dit moet besef as hulle die akademiese jaar, maar ook die wese van ons universiteite, wil red. En die regering sal sterker leiding moet gee – dit gaan oor meer as klasgelde.

* *Theuns Eloff is uitvoerende direkteur van die FW de Klerk-stigting.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/feesmustfall-is-net-die-oortjies-van-die-seekoei-20161010#>

Brood vir die pad

Ingeproptes se eensame en banale lewens

Wilhelm Jordaan

’n Mens is al daaraan gewoond, maar skielik was dié toneel in ’n restaurant net een te veel: Drie ouerige en klaar-blyklik suksesvolle bleskopmans sit aan tafel. Voor elk is ’n drankie, ’n bord kos en ’n tablet-rekenaar. Al drie het selfone en deurlopend word oproepe gemaak of boodskappe gestuur of ontvang terwyl die kos koud en die drankies warm word.

Onwillekeurig begin ek Jan Rabie se verhaal “Drie kaalkoppe eet tesame” in die trant van ons tyd herskryf. Die mens as vraat wat hom vergryp – nie aan kos, soos in die Rabie-verhaal nie, maar wat die digitale “spyskaart” opdiss:

“Die drie kaalkoppe swaai op en af in die woeste vaart van hul besete aanslag op die toetsborde. Hulle verorber die inligting met ’n ontstellende wellus. Hulle skyn so verblind te wees deur die sweet van hul inspanning dat hulle nie mekaar of ander om hulle raaksien nie. Hulle gaan waansinnig aan sodat die tafel en stoele omtuimel en hulle op die vloer in ’n stuiptrekkende wanorde die digitale reste verorber. Niks bly oor nie, behalwe die drie kaalkoppe glimwit soos doppe van oopgekraakte eiers . . .”

Natuurlik is my herskrywing ’n oordrywing. Daar is (nog) nie sulke mense nie. Tog is die moderne mens se toenemende elektroniese gekonnekteerdheid iets wat gereeld krities bedink moet word.

Daar is gewis ’n andersoortige mensheid aan ’t ontwikkel – die mens wat “ingeprop” is. Soos Willem Kempen dit profeties (?) in sy weeklikse rubriek noem. ’n Opname toon dat “ingepropte” mense (die “aanlyners”) in vergelyking met “nie-aanlyners” meer sosiale kontak het, inligting en mediabronne beter gebruik, wyer belan-stellings het en meer dinge beleef.

Daar is egter ’n keersy. Soos dat 43% van die ingeproptes al ’n sielkundige of psigiater ge-raadpleeg het teenoor net 8% van die nie-inge-proptes.

Miskien is dié verskil toe te skryf aan ’n oormaat digitalisering wat kommunikasie- en emosionele vaardighede soos deernis, omgee, vertroue en respek ondermyn en algaande tot vereensaming en verlies aan lewensbetekenis lei.

’n Bose kringloop word geskep: Om ingeprop te wees, word ’n plaasvervanger vir groeiende eensaamheid en lei tot die verdere verbokkeling van verhoudings en min betekenis buite die digitale domein.

Hoe meer jy ingeprop raak, hoe makliker verloor jy eg menslike dinge. Sonder die nabyheid van ’n ander, die aandag van ’n ander se oë en die lyf se spraak ontbeer ingeproptes belangrike nuanses, regstellings en lewenslesse. Juis daarom sukkel al hoe meer mense om werklik “teenwoordig” te wees in gesprekke van aangesig tot aangesig.

Hoe nuttig ’n “gekonnekteerde” bestaanswyse ook al is, dit is oplaas ’n banalisering van menswees. Jy is dalk paraat ingeprop, maar op die duur is jy ’n vereensaamde swerwer in die digitale koninkryk.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaaningeproptes-se-eensame-en-banale-lewens-20160907>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877